

7 November

Skrifgedeelte: Josua 5:1 – 6:27 (OAV)

Fokusgedeelte: Josua 5:13-15

Dit is God se stryd – Waar staan jy?

Voordat die heilige oorlog kan begin, moet die Israeliete hierdie waarheid baie goed verstaan: Dit gaan nie om Israel nie, maar om die eer van Góð! Trouens, dit behoort ook in ons lewe so te wees. Vier onderskeie gebeurtenisse in Josua 5 en 6 maak dit duidelik:

- Eerstens: al die manlikes moet hulle laat besny. Die besnydenis is die Ou-Testamentiese teken van God se genadeverbond dat Hy hulle enigste God is en hulle as sy volk verkies het. Dit is dan ook Hy wat hulle die oorwinning oor die vyand sal skenk.
- Tweedens: die pasga word gevier. Pasga is die fees van die verbygaan van die doodsengel en die genadebetoning van die Here teenoor die uitverkorenes sodat hulle bly lewe het. Ons sien hier weereens die *Here* se genade.
- Derdens: die verskyning van die man met die ontblote swaard. Toe Josua Hom tegemoetgaan, wou Josua weet: “Behoort U by ons of by ons vyande?” (Aan wie se kant is u?) Die antwoord is belangrik: “Nee, maar Ek is die leërowerste van die Here.” Nee!? Dit wil sê: Ek is nie *teen* julle nie, maar ook nie vanselfsprekend *vir* julle nie. Ek behoort aan die *HERE*. Dit is nie Israel se stryd wat hier beslis gaan word nie, maar God se stryd. Dáárom het die leërowerste van die Here gekom. En dáárom moes Josua sy skoene uittrek, omdat hy op God se slagveld staan.
- Vierdens: Jerigo is geheel en al God se verowering en God se buit, want dit is sy stryd en sy eer wat ten toon gestel moet word.

Waar staan *jy* vandag in die stryd tussen God en Satan? Josua se uitgetrekte skoene is 'n erkenning dat hy in God se diens is en dat hy sáám met God veg om aan *God* die eer te gee en nie aan homself nie.

Kom ons tree ook só in sy goddelike diens!

Sing: Psalm 75:1

Ds. AH Stavast (Kroonstad)